

## Dawid oorwin Goliat tot eer van die Here

Toe die reus Goliat “die linies van die lewende God verkleineer” (17:26), vlug almal uit vrees vir hom weg. Ondanks die aanloklikste belonings (17:25), sien niemand vir Goliat kans nie. Niemand? Ja, tog een! Die rooierige skaapwagtertjie, wat so pas tot koning gesalf is, sien kans vir die reus. As hy hoor hoe Goliat die Naam van God laster, ontbrand ’n heilige vuur in sy hart. Daarom kan niks hom keer nie.

Maar as mens vir die eer van God wil veg, moet jy ook die regte wapens hê. Nie die uitrusting van Saul nie, want as Dawid daarmee vir Goliat verslaan het, sou die mense die eer van die oorwinning nie aan God gegee het nie, maar aan Dawid! Daarom trek Dawid dit uit om met sy geloofswapen – ’n slingervel en vyf gladde klippies – Goliat tegemoet te loop. Sowel sy belydenis: “Ek kom na jou toe in die Naam van die Here die Almagtige” (17:45) as sy wapens, is ’n proklamering van die eer van God en nie van sy eie eer nie. Daarom laat God vir Dawid oorwin.

Soos Dawid uit Betlehem Goliat tegemoet gegaan het, so het ons Here Jesus uit Betlehem vir Satan tegemoet gegaan. Sy wapens was die nederige doeke van die krip, die vloekhout van die kruis en die smadelike graf. Maar toe Hy opgestaan het uit die dood, het Hy die Goliat van die hel – Satan – finaal verslaan en deur sy Heilige Gees ons tot kinders van die lewende God gemaak. Laat ons daarom nie bevrees wees vir die Goliats van die wêreld nie. Onthou, ons is tot alles in staat deur Christus wat ons krag gee (Fil 4:13 OAV).

Sing: Psalm 18:13

Dr CJ Malan (Emeritus)